# Jesus en die Fariseërs

*Aktiwiteite*



- Vat enige koppie of glasie wat kan vuil word.
- Maak die koppie lekker vuil, met vars gemaakte modder (of as jy wil, eerder 'n eetbare alternatief – dit moet net vuil lyk). Laat jou kind jou help of dit sommer self, binne en buite, so vuil as moontlik te maak.
    - *Vra of jou kind bereid sou wees om uit die vuil koppie te drink - hoekom nie?*
- Vee die buitekant van die beker af, sodat dit mooi skoon is. (Los die binnekant steeds vuil)
    - *Sal hy/sy nou bereid wees om uit die koppie te drink - hoekom nie? Hy lyk dan nou so mooi skoon aan die buitekant.*
- Was die koppie nou binne en buite mooi skoon.
    - *Sal hy/sy nou uit die koppie drink - hoekom?*

- Ons wil nie uit 'n vuil koppie drink nie, eers wanneer die koppie mooi skoon gewas is, kan ons dit gebruik.
- Ons is soos die koppie.
    - Die vuil koppie:
        - *Wanneer ons harte vol lelike dinge is, is dit moeilik om Jesus se liefde vir ander te wys.*
    - Skoon buitekant, vuil binnekant:
        - *Dit help ook nie om net te sê dat ons nie lelike dinge doen nie, maar ons het nie Jesus in ons harte nie. (Soos die Fariseërs)*
    - Skoon koppie:
        - *Wanneer ons die binnekant van die koppie was, was ons die buitekant ook outomaties. Net so, as Jesus in ons harte bly, kan ons nie anders as om Sy liefde vir almal te wys nie. Dan is ons buitekant net so 'skoon' soos die binnekant.*